Sondag

14 Julie 2019 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 509

Op berge en in dale
en oral is my God;
waar ons ook telkemale
mag swerwe, daar is God!
Waar ons gedagtes swewe
of styg, ook daar is God;
omlaag en hoog verhewe,
ja, oral is my God!

Roem, Christen, heel my lewe
is veilig in my God;
waar alles my begewe,
of waar ek ly, is God;
waar troue vriendehande
nie red nie, daar is God;
selfs in die dood se bande
ja, oral is my God!

Woorddiens

Tema: Die Samaritaan herbesoek

Skriflesing: Lukas 10:25-37

Broodjies vir die pad

"Few people arise in the morning as hungry for God as they are for cornflakes or toast and eggs."
— Dallas Willard, Hearing God: Developing a Conversational Relationship with God

"From the parable of the good Samaritan we know that the neighbor is the one in need who makes a demand on me and whom I dare not leave by the roadside. In economic terms, it means that the rich members of Luke's community are challenged to give up a significant portion of their wealth, and also to perform specific unpleasant actions, such as the issuing of risky loans and the cancelling of debts. All this is, of course, also Jubilee language - the idea of the Jubilee indeed permeates Luke's gospel."
— David J. Bosch, Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission

Bybelverse 'bly mense by, selfs al verlaat hul kerk'

Gerda-Marié van Rooyen

Talle van die skrywers wat bydraes gelewer het tot die bundel *Die Braambos bly brand: nie-teoloë se perspektiewe op Bybelverse*, het erken dat 'n spesifieke Skrifgedeelte hulle bybly selfs al is hulle uit die kerk of nie eens meer Christene nie.

Dít het Vrydag geblyk uit die bespreking van dié bundel by die ATKV-Boeke-oase op die Vrystaat Kunstefees in Bloemfontein. Jean Oosthuizen het die gesprek gelei.

Chris Jones van die Universiteit Stellenbosch se teologiese fakulteit, medesamesteller van die bundel, sê op 'n manier bly iets van die kerk in 'n mens, al verlaat jy ook die kerk. "Die braambos bly brand."

'n Groep uiteenlopende mense in 'n verskeidenheid beroepsvelde is genader om na aanleiding van 'n teksvers 'n essay vir die bundel te skryf.

Die medesamesteller, Pieter Malan, redakteur van *Rapport* se *Weekliks*, wat ook gehelp het met die redigering daarvan, sê dit is 'n fout om te dink dat gewone mense niks het om te sê oor so 'n belangrike boek soos die Bybel nie.

"Mense het interessante hoeke waaruit hulle na die Bybel kyk. Die Bybel is 'n ongelooflike geloofskat."

Jones sê hulle wou ander perspektiewe op die Woord weergee.

"Ons laat mense wat die kerk verlaat net gaan, ons tree nie in gesprek met hulle nie, en ek glo ons kan leer van hul lewensreis."

Van die temas wat in die boek voorkom, sonder dat die onderskeie skrywers spesifieke voorskrifte gegee is, is die beskouing van die Godheid (waaroor Jean Oosthuizen geskryf het), dood en brooswees (Dana Snyman) en lewe en leef.

Albei samestellers is dit eens dat geen "Bybel-*bashing*" in die bundel voorkom nie, maar dat "almal reisigers op hul eie pad is".

Prof. Fanie Snyman, voormalige dekaan van die teologiese fakulteit aan die Universiteit van die Vrystaat, het ná die bespreking opgemerk dat die bundel die Bybel vir baie mense toeganklik maak.

"Dit is nie-teologiese interpretasies en naïewe lees van die Bybel en dek verskillende modusse."

Lesers word in die voorwoord gewaarsku dat sommige dalk die boek "onthutsend" kan vind.

Jones sê 'n voorbeeld hiervan is Hunter Kennedy, lid van Fokofpolisiekar, se essay "Jesus het gesê moenie 'n dr*l wees nie".

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Feeste/Vrystaat_Kunstefees/bybelverse-bly-mense-by-selfs-al-verlaat-hul-kerk-20190707

"Paul Ricoeur has wonderful counsel for people like us. Go ahead, he says, maintain and practice your hermaneutics of suspicion. It is important to do this. Not only important, it is necessary. There are a lot of lies out there; learn to discern the truth and throw out the junk. But then reenter the book, the world, with what he calls 'a second naivete'.' Look at the world with childlike wonder, ready to be startled into surprised delight by the profuse abundance of truth and beauty and goodness that is spilling out of the skies at every moment. Cultivate a hermaneutic of adoration - see how large, how splendid, how magnificent life is.

And then practice this hermaneutic of adoration in the reading of Holy Scripture. Plan on spending the rest of our lives exploring and enjoying the world both vast and intricate that is revealed by this text."
— Eugene H. Peterson, Eat This Book: A Conversation in the Art of Spiritual Reading

---

"The story of the Good Samaritan (Luke 1o) can he interpreted mystically in such a way that the question of the knowledge of God becomes its focus. The priest and the Levite, who walk past the man who fell among robbers and was seriously hurt, are pious God-fearing persons. They "know" God and the law of God. They have God the same way that the one who knows has that which is known. They know what God wants them to be and do. They also know where God is to he found, in the scriptures and the cult of the temple. For them, God is mediated through the existing institutions. They have their God - one who is not to he found on the road between Jerusalem and Jericho.

What is wrong with this knowledge of God? The problem is not the knowledge of the Torah or the knowledge of the temple. (It is absurd to read an anti-Judaistic meaning into a story of the Jew Jesus, since it could just as well have come from Hillel or another Jewish teacher.) What is false is a knowledge of God that does not allow for any unknowing or any negative theology. Because both actors know that God is "this," they do not see "that." Hence the Good Samaritan is the anti-fundamentalist story par excellence.

"And so I ask God to rid me of God," Meister Eckhart says. The God who is known and familiar is too small for him."

— Dorothee Soelle, The Silent Cry: Mysticism and Resistance

Brood vir die pad

Die nadink oor hoop is elkeen se lewensplig

Wilhelm Jordaan

Dit is die pleitende eenvoud in die sanger Jo Black se luisterliedjie "Bring die hoop weer terug" wat so 'n sterk appèl op mense se gemoed maak – teen die agtergrond van die nimmereindigende lewensellendes.

Meermale deur die loop van 'n dag hoor 'n mens dié ellendes oor die radio en TV: "En hier volg die nuus . . ."

En wat jy hoor en sien, is oorwegend sleg, onthutsend. Dis geweld teenoor vroue en kinders, moorde, korrupsie, skandes van bekendes, helde wat val, geldnood, armoede . . .

Wat jou dwing om te vra: Is dit verstandig om hoop te hê? Of is dit net selfmisleiding; gevaarlike illusietjies?

Sulke vrae is so oud soos die mensdom self – reeds teenwoordig in die antieke Griekse mite oor die skone vrou Pandora wat, teen Zeus se opdragte, 'n kosbare fles wat aan haar toevertrou is, oopgemaak het.

Daardeur het sy alle denkbare slegte dinge op die mensdom losgelaat: liggaamlike teisterings soos koliek, jig, rumatiek, plae en kwellings van die gees soos jaloesie, boosheid en wraak. Én belasting, op die koop toe!

Pandora was verskrik. Maar net toe sy die fles se prop wou toedruk om te keer, het sy "hoop" onder in die fles gesien lê. Daarmee die vrae: Het hoop in die fles agtergebly? Indien wel, is hoop mos nutteloos. Of het dit saam met die ellendes ontsnap sodat dit nog by ons is en dat ons tog kan hoop?

Die kunstenaar Linda Hendrikz het 'n klompie jare gelede in haar kunsskool, Pavane, in Pretoria vir jong kinders gevra om Pandora-bokse te teken nadat sy aan hulle die verhaaltjie vertel het.

Die kinders moes toe 'n simbool kies wat sê: Hoop is soos . . . Party het hartjies gekies wat liefde uitdruk; een 'n battery, wat sê deur hoop word jy weer "ge-*charge*" as dit met jou sleg gaan en jou wieletjies pap raak.

Ander keuses was kruise, sterretjies, feetjies en, in Harry Potter-tradisie, 'n "onsterflike" feniks met trane wat uit die oë drup.

Daarmee het elkeen op hul eie manier – met eie belewenisse, middele en vermoëns – die onvoltooide sin voltooi.

Jo Black se singende antwoord is "ja", en dit word gedra deur eenvoudige beelde oor die behoefte aan en teenwoordigheid van hoop:

"Hoop, wat is hoop? / Jy's die lig in die donker gang /Jy's die baken wat op die heuwel staan . . . / Hoop, dis 'n stem wat sê: / As jy moeg is, sal ek jou dra / Bring die hoop weer terug . . ."

En die Amerikaanse digter Emily Dickinson beaam dit diepsinniger:

"Hope is a strange invention / A Patent of the Heart / In unremitting action / Yet never wearing out / Of this electric Adjunct / Not anything is known / But its unique momentum / Embellish all we own."

Is Dickinson reg? Kan hoop terugkeer à la Jo Black? Jóú antwoord hierop is 'n lewensplig.

** Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-nadink-oor-hoop-is-elkeen-se-lewensplig-20190709

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

"May the road rise up to meet you, may the wind be ever at your back. May the sun shine warm upon your face and the rain fall softly on your fields. And until we meet again, May God hold you in the hollow of his hand."
— Irish Blessing

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877